
# 243 Kom kinders besing met ‘n vrolike stem







Geringe klein dorpie in duister gehul, ‘n heilswoord is deur die geboorte vervul:
Die lig van die wêreld, die god’like Kind, is Jesus in wie ons die saligheid vind!

In needrige krip was sy bedjie berei - die Kind wat die harte van almal verbly;
omhoog, uit die hemel, sing engele neer, die herders en wyses kom kniel voor Hom neer.

Ons bring soos die herders en engele weer aan Hom alle hulde, ons Heiland en Heer.
Verlos van die sonde, besing ons tesaam die roem en die eer van sy heerlike Naam.

O Vader, maak ons deur u Gees ook getrou, laat ons die gebod van die liefde onthou
en hou ons gehoorsaam, aan U steeeds verbind, gewy aan u diens soos die Bethlehemskind.

Christoph von Schmid (1786-1854) J.A.P. Schultz (1747-1800)